Date : January, 29 , 2010 Publication : Rekord Oos/East - Lynnwood/Brooklyn Page Number : 5

Kinders val deur krake

Henry Lazenby

Die regering se beloftes om 'n kinderbeskermingseenheid op die perseel van die pedofiel, Gert van Rooyen, in Capital Park te bou, is steeds nie nagekom nie.

Solidariteit se Helpende Hand het op 14 Januarie voor die huis 'n protesaksie van stapel gestuur om weer 'n kinderbeskermingseenheid in die polisie op die been te bring.

"Die kinderbeskermingseenheid het destyds 'n deurslaggewende rol in die Van Rooyen-saak gespeel maar vandag val ons kinders deur die krake in die stelsel," sê dr Danie Langner, die uitvoerende direkteur van Helpende Hand.

Helpende Hand is besorg oor die gevare wat vir kinders skuil met die aanloop na en gedurende die Fifa Sokkerwêreldbekertoernooi.

"Dit is asof ons kinders aan die elemente uitgelewer word tydens die sokkertoernooi," sê Mariana Kriel, 'n projekbestuurder van Solidariteit se Helpende Hand.

"Die kinders kry 'n ses weke lange skoolvakansie gedurende die toernooi maar het enigiemand daaraan gedink wat van hulle gaan word?

Die regering sal sê almal moet hul kant bring.

Wat van voedingskemas?

"Hoe gaan die kinders produktief besig gehou word?"

Sy sê Helpende Hand se kindermisdaadverslag dui daarop dat sindikate reeds in 2006 begin het om meisies van so jonk as 12 jaar oud te ontvoer en aan dwelms verslaaf te maak, sodat hulle teen 2010 vir die besoekers reg sal wees.

"Dié feite is ook deur 'n verslag van die Amerikaanse regering bevestig wat waarsku dat koppelaars van kinderprostitusie na gasheerstede van die Sokkerwêreldbeker trek om naby aan die mark te wees."

"Vandag is twintig jaar na Van Rooyen homself en sy houvrou geskiet het.

In 2001 is R5 miljoen vir die oprig van 'n kinderbeskermingsfasiliteit begroot maar niks het daarvan gekom nie.

Selfs die destydse Pretoria Munisipaliteit het die grond vir só 'n fasiliteit gehersoneer maar steeds gebeur niks," sê sy.

Volgens dr Langner word daar elke drie minute 'n kind in Suid-Afrika verkrag en jaarliks 1 410 kinders vermoor.

"45% van alle verkragtings wat aangemeld word is kinderverkragtings en 88% van kinderverkragtings word waarskynlik nooit aangemeld nie."

Absa het destyds Gert van Rooyen se eiendom aan die polisie vir verdere ondersoek gegee.

Die huis is gesloop en die grond vir bewyse gefynkam.

happie

Nothing has as yet realised of the government's promise to build a child protection unit on the site of condemned paedophile Gert van Rooyen's property. Solidarity wants the police to establish a child protection unit again. This is of utmost importance, especially with the World Cup Soccer tournament on our doorstep.

MISNOEë MET DIE REGERING. Teresa Visagie, Clarissa Kruger, Charmaine Visser, Karin Venter en Lindie Strydom van Solidariteit se Helpende Hand demonstreer hul misnoeë met die regering se leë beloftes om 'n kinderbeskermingsfasiliteit op die leë erf van die veroordeelde pedofiel, Gert van Rooyen, te bou. Dít ten spyte daarvan dat daar in 2001 R5-miljoen daarvoor begroot is en die sonering van die erf reeds verander is.